



Loop lig vir KWB-slaggate

Boedelbelasting behoort nie jou enigste kwelling te wees wanneer jy boedelbeplanning doen nie. Kapitaalwinstbelasting kan jou vang waar boedelbelasting nie kan nie.

Die meeste mense is maar te geneig om te fokus op hoe om op boedelbelasting te bespaar wanneer hulle boedelbeplanning doen, soveel so dat hulle die byna erger finansiële gevolge van kapitaalwinstbelasting (KWB) afskeep, of soms heeltemal ignoreer.

In my vorige rubriek hier het ek die KWB-faktore ter sake op 'n primêre woning – ook waar die primêre woning op 'n plaas geleë is – bespreek. Vandeesweek kyk ons na enkele van die ander minder bekende KWB-slaggate by iemand se dood. En ek wil graag dit ook in verband bring met die belasting wat gehê word net omdat jy durf sterf, naamlik boedelbelasting.

In die finansiële dienstebedryf meen kundiges dat KWB ingestel is om welvaart te belas, juis omdat boedelbelasting nie doeltreffend is nie. Die gebruik van trusts onder meer het tot gevolg dat mense hul welvaart kan “wegsteek”, of, in meer regstegniese terme, uit hul persoonlike boedel kan haal, sonder om die voordele daarvan te verbeur.

Die waarheid is natuurlik dat as Jan Taks weet wat ek en baie ander weet, hy bloot 'n paar trust-

kenners moet aanstel om met 'n vergrootglas te gaan kyk na die prul wat sommiges as trustaktes voorhou om sy boedelbelasting, inkomstebelasting en kapitaalwinstbelasting te in. En 'n paar egskedingsprokureurs kan gerus dieselfde doen as hulle die eiserse se belange werklik op die hart dra.

Die punt met KWB is dat hy jou vang waar boedelbelasting nie kan bykom nie. Die algemene siening in ons bedryf is dat boedelbelasting die een of ander tyd heeltemal afgeskaf gaan word. Sommiges het dit al ver wag, maar Jan Taks is seker ongemaklik om 'n bron, al is dit tans klein, nek om te draai. Geld is mos geld.

Nietemin, baie van ons meen dit gaan kom. Ons sien dit reeds met dié dat KWB se ingeslote koers verlede jaar verhoog is tot 33,3% vir individue, waarna die “winst” ná toegelate kwytskeldings teen marginale koerse belas word. Vir trusts is die ingeslote koers vir KWB 50%, waarna die “winst” teen 40% belas word (dit is gelyk aan die hoogste marginale koers vir individue) sonder dat daar kwytskeldings is.

Boedelbelasting geld nie vir trusts nie (trusts gaan nie dood nie) en word gehê op die netto boedel, ná die toegelate kwytskelding van R3 500 000 per individu teen 20%. Die KWB wat jy by jou afsterwe moet betaal, geld as 'n aftrekking vir die berekening van boedelbelasting. So, hoewel jy by jou afsterwe vir albei aanspreeklik kan wees, betaal jy darem nie regtig dubbele belasting nie.

Kom ons kyk nou waar vang KWB jou by jou afsterwe, anders as met die bekende bates, soos vaste eiendom en aandele.

VEE

Hierdie een kom baie keer as 'n skok wanneer ek vir boere boedelbeplanning doen. Ingevolge par. 40(1) van die 8ste Skedule van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word bepaal dat wanneer iemand sterf, word dit gesien as dat hy sy bates op daardie dag van die hand gesit het (van die persoon na sy boedel).

Eers kortliks die werking van KWB: Dié belasting word gehê op die “winst” wat jy uit 'n kapitaalbate maak. Winst word bereken deur die markwaarde op die dag wat jy 'n bate vervreem (verkoop of selfs vernietig) waarvan die basiskoste (dit waarvoor die bate aangekoop is) afgetrek word en ingeslote toegelate aftrekkings of kwytskeldings indien van toepassing.

Die punt met KWB is dat hy jou vang waar boedelbelasting nie kan bykom nie.

Vee op hande word geag om by jou afsterwe van die hand gesit te word teen die werklike markwaarde daarvan. Die probleem is dat daar geen aftrekkings as basiskoste geëis kan word nie, soos wat die geval met ander bates is omdat die boer geen aftrekkings het om te eis nie. Laat ek verduidelik.

As die vee ná 1 Oktober 2001 (die datum waarop KWB ingestel is) uit die normale gevolg van aanteling bekom is, is daar geen uitgawe aangegaan nie en kan daar dus geen basiskoste wees nie. Nou sal sommiges sê, ja, maar wat as ek die vee aangekoop het, nie al my vee is op eie werf aangeteel nie?

Daar is eweneens geen basiskoste nie omdat die koste vir die aankoop van die vee vir inkomstebelasting aftrekbaar is. By jou afsterwe word die KWB op vee dus bereken op die volle markwaarde met 'n basiskoste van nul. Uiteraard, as die vee vóór 2001 aangeteel het, sal die markwaarde op daardie datum as basiskoste geld (wat jou teen daardie tyd in elk geval met 'n waardelose ou koei sou laat).

BESLOTE KORPORASIE

'n Ander probleem is boere wat in 'n beslote korporasie (BK) boer. Jou belang in die BK is 'n bate in jou boedel vir sowel KWB as boedelbelasting, en wel teen markwaarde. Om die “winst” te bepaal waarop belasting bereken word, moet jy, soos ek hierbo noem, die basiskoste van die markwaarde aftrek.

Nou, as jou BK begin is met 'n belang van, byvoorbeeld, R100, soos wat baie keer die geval is, en jyself het nie verdere bydraes gelewer waarvoor die BK jou moet vergoed nie, is die basiskoste dalk net 'n skamele R100, terwyl die BK self dalk, as voorbeeld, R4 000 000 werd kan wees. Jou “winst” die dag as jy sterwe, in die (weliswaar uitspattige!) voorbeeld is dan R3 999 900.

En dan wag boedelbelasting op dit wat oor is.

*Nico van Gijzen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverkoper verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie. **LBW***

KORTOM

- Kapitaalwinstbelasting (KWB) word gehê op die wins wat jy maak uit 'n kapitaalbate.
- By afsterwe word die KWB op vee bereken op die volle markwaarde met 'n basiskoste van nul.
- Dié belasting hou ook verreikende gevolge vir beslote korporasies in.